# JM KOÖPERATIEWE DIENSTE

Posbus 245
GARIEP DAM
9922
13 Junie 2022

**BESTUUR**
**MOSSELBAAI GROND EIENAARS VERENIGING (MGEV)**
**Dorp: Mosselbaai**

**VERSLAG: PROMULGASIE**
**VAN EIENDOMSBELASTING TARIEWE VAN MOSSELBAAI PLAASLIKE MUNISIPALITEIT GELEË IN WES-KAAP PROVINSIE**

Hiermee, die verslag ten opsigte van eiendomsbelastingtariewe wat nie deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit gepromulgeer is nie. Ons het die Provinsiale Koerante Provinsie Wes-Kaap vanaf die finansiële jaar **2005/2006 tot 2021/22** nagegaan en gevind dat die Munisipaliteit moontlik, nie elke jaar, voldoen het, aan die voorgeskrewe wetgewing nie

Die Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting Wet 2004, Wet 6 van 2004, bepaal in Artikel 12 (1) dat 'n plaaslike munisipaliteit Eiendomsbelasting tariewe moet goedkeur vir 'n finansiële jaar (1 Julie tot 30 Junie). Die tarief verval teen die einde van daardie finansiële jaar, 'n tarief moet dus weer vir die volgende finansiële jaar goedgekeur word. Die goedkeuring van die Eiendomsbelasting tarief **moet** deel wees van die munisipaliteit se jaarlikse begrotingsproses soos uiteengesit, in hoofstuk 4 van die Plaaslike Regerings Munisipale Finansiële Bestuurs Wet van 2003 (Wet no. 56 van 2003). Die Eiendomsbelastingtarief is betaalbaar in die begin van die finansiële jaar dus 1 Julie soos in die Eiendomsbelasting Wet 6 van 2004, Artikel 13(1) uiteengesit word.

Die Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting Wet 2004, (Wet 6 van 2004) bepaal in Artikel 14(1) "Dat 'n munisipaliteit Eiendomsbelasting kan goedkeur deur 'n raadsbesluit waar die meerderheid van die Raad dit goedkeur." Verder bepaal die Wet in Art. 14(2) dat die besluit van die Munisipale Raad **moet** die besluit promulgeer in die Provinsiale Koerant.

Die Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting Wet 2004 (Wet 6 van 2004) is gewysig deur Staatskoerant No. 37922 van 18 Augustus 2014 en met die Wysigingswet van 2014 het die President bepaal dat dit op 1 Julie 2015 in werking tree. Die wysiging van Artikel 14 van die Wet op Eiendomsbelasting het meer verpligtinge aangaande die promulgasie van Eiendomsbelastingtariewe voorgeskryf, ons haal die belangrikste vir u aan. Die wysiging tree op **1 Julie 2015** in werking. Wet 6 van 2004 soos gewysig, Artikel 14(2):

“2(a) ‘n Besluit om Eiendomsbelastingtariewe deur die Munisipaliteit **moet** jaarliks gepromulgeer word, binne **60 dae** van die dag van die Raadsbesluit, deur die Raadsbesluit in die Provinsiale Koerant te publiseer.

2(b) Die Besluit **moet-**

(i) Die datum insluit, wanneer die besluit geneem is om tariewe vas te stel en goedgekeur is.
(ii) Differensieër tussen kategorieë eiendomme; en
(iii) Reflekteer die sent bedrag in die rand vir elke kategorie eiendomme.”

*Ons wil egter meld dat ons Artikel 14(2 (a) en (b) vrylik vertaal het in Afrikaans, aangesien die Wetgewing in Engels goedgekeur was.*

Die implikasie dat die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit in sekere finansiële jare nie die Wetgewing op Plaaslike Regerings Munisipale Eiendomsbelasting van 2004, (Wet 6 van 2004), soos gewysig met Wysigingswet 2014, nagekom het nie, die Eiendomsbelastingtariewe wat gevorder is deur die Munisipaliteit moontlik in ‘n Hof uitgedaag kan word.

**Verslag: Eiendomsbelastingtariewe Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit:**
Finansiële jare:

**2005/2006** Daar is geen promulgasie van Eiendomsbelastingtariewe vir Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap geadverteer vir die 2005/2006 finansiële jaar nie. Die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het nie voldoen aan die voorgeskrewe wetgewing nie, die invordering van eiendomsbelasting kan betwis word in ‘n hof.

**2006/2007** Daar is geen promulgasie van Eiendomsbelastingtariewe vir Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap geadverteer vir die 2006/2007 finansiële jaar nie. Die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het nie voldoen aan die voorgeskrewe wetgewing nie, die invordering van eiendomsbelasting kan betwis word in ‘n hof.

**2007/2008** Daar is geen promulgasie van Eiendomsbelastingtariewe vir Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap geadverteer vir die 2007/2008 finansiële jaar nie. Die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het nie voldoen aan die voorgeskrewe wetgewing nie, die invordering van eiendomsbelasting kan betwis word in ‘n hof.

**2008/2009** Daar is geen promulgasie van Eiendomsbelastingtariewe vir Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap geadverteer vir die 2008/2009 finansiële jaar nie. Die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het nie voldoen aan die voorgeskrewe wetgewing nie, die invordering van eiendomsbelasting kan betwis word in 'n hof.

Neem slegs kennis dat die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit slegs die Regulasies vir Eiendomsbelasting in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap geadverteer het, Nommer 6537 van 20 Junie 2008 vanaf bladsye 1024, maar geen tariewe is gepromulgeer nie.

2009/2010 Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Wes-Kaap Nr. 6649, bladsy 1571, op 14 Augustus 2009 gepubliseer. Die Raad het op 28 Mei 2009 tydens 'n Raadsvergadering die Eiendomsbelastingtariewe vir die 2009/2010 Finansiële jaar goedgekeur en die tariewe is gepromulgeer soos vereis deur die Plaaslike Regerings Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, Artikel 14 (2). Die Eiendomsbelasting kan wettig ingevorder word deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit.

**2010/2011** Daar is geen promulgasie van Eiendomsbelastingtariewe vir Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap geadverteer vir die 2010/2011 finansiële jaar nie. Die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het nie voldoen aan die voorgeskrewe wetgewing nie, die invordering van eiendomsbelasting kan betwis word in 'n hof.

Neem slegs kennis dat die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit slegs die Regulasies vir Eiendomsbelasting in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap geadverteer het, Nommer 6767 van 9 Julie 2010 vanaf bladsye 1104, maar geen tariewe is gepromulgeer nie.

**2011/2012** Daar is geen promulgasie van Eiendomsbelastingtariewe vir Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap geadverteer vir die 2011/2012 finansiële jaar nie. Die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het nie voldoen aan die voorgeskrewe wetgewing nie, die invordering van eiendomsbelasting kan betwis word in 'n hof.

Neem slegs kennis dat die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit slegs 'n Wysiging op die Regulasies vir Eiendomsbelasting in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap geadverteer het, Nommer 6902 van 26 Augustus 2011 op bladsy 1726, maar geen tariewe is gepromulgeer nie.

**2012/2013** Daar is geen promulgasie van Eiendomsbelastingtariewe vir Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap geadverteer vir die 2012/2013 finansiële jaar nie. Die Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het nie voldoen aan die voorgeskrewe wetgewing nie, die invordering van eiendomsbelasting kan betwis word in 'n hof.

2013/2014 Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Wes-Kaap Nr. 7137, bladsy 1219, op 14 Junie 2013 gepubliseer. Die Raad het op 30 Mei 2013 tydens 'n Raadsvergadering die Eiendomsbelastingtariewe vir die 2013/2014 finansiële jaar goedgekeur en die tariewe is gepromulgeer soos vereis deur die Plaaslike Regerings Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, Artikel 14 (2). Die Eiendomsbelasting kan wettig ingevorder word deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit.

2014/2015 Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Wes-Kaap Nr. 7286, bladsy 1313, op 18 Julie 2014 gepubliseer. Die Raad het op 29 Mei 2014 tydens 'n Raadsvergadering die Eiendomsbelastingtariewe vir die 2014/2015 finansiële jaar goedgekeur en die tariewe is gepromulgeer soos vereis deur die Plaaslike Regerings Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, Artikel 14 (2). Die Eiendomsbelasting kan wettig ingevorder word deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit.

2015/2016 Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Wes-Kaap Nr. 7426, bladsy 1584, op 17 Julie 2015 gepubliseer. Die Raad het op 28 Mei 2015 tydens 'n Raadsvergadering die Eiendomsbelastingtariewe vir die 2015/2016 Finansiële jaar goedgekeur en die tariewe is gepromulgeer soos vereis deur die Plaaslike Regerings Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, Artikel 14 (2), soos gewysig. Die Eiendomsbelasting kan wettig ingevorder word deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit.

2016/2017 Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het 'n advertensie in die Provinsiale Koerant Wes-Kaap Nr. 7644, bladsy 6, op 30 Junie 2016 gepubliseer. Die Raad het op 30 Mei 2016 tydens 'n Raadsvergadering die Eiendomsbelastingtariewe vir die 2016/2017 finansiële jaar goedgekeur en die tariewe is gepromulgeer soos vereis deur die Plaaslike Regerings Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, Artikel 14 (2), soos gewysig. Die Eiendomsbelasting kan wettig ingevorder word deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit.

2017/2018 Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het ‘n advertensie in die Provinsiale Koerant Wes-Kaap Nr. 7786, bladsy 624, op 30 Junie 2017 gepubliseer. Die Raad het tydens ‘n Raadsvergadering gehou op 31 Mei 2017, die Eiendomsbelastingtariewe vir die 2017/2018 finansiële jaar goedgekeur en die tariewe is gepromulgeer soos vereis deur die Plaaslike Regerings Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, Artikel 14 (2), soos gewysig. Die Eiendomsbelasting kan wettig ingevorder word deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit.

2018/2019 Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het ‘n advertensie in die Provinsiale Koerant Wes-Kaap Nr. 7949, bladsy 2, op 29 Junie 2018 gepubliseer. Die Raad het tydens ‘n Raadsvergadering gehou op 31 Mei 2018, die Eiendomsbelastingtariewe vir die 2018/2019 finansiële jaar goedgekeur en die tariewe is gepromulgeer soos vereis deur die Plaaslike Regerings Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, Artikel 14 (2), soos gewysig. Die Eiendomsbelasting kan wettig ingevorder word deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit.

2019/2020 Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het ‘n advertensie in die Provinsiale Koerant Wes-Kaap Nr. 8118, bladsy 2, op 28 Junie 2019 gepubliseer. Die Raad het tydens ‘n Raadsvergadering gehou op 30 Mei 2019, die Eiendomsbelastingtariewe vir die 2019/2020 finansiële jaar goedgekeur en die tariewe is gepromulgeer soos vereis deur die Plaaslike Regerings Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, Artikel 14 (2), soos gewysig. Die Eiendomsbelasting kan wettig ingevorder word deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit.

2020/2021 Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het ‘n advertensie in die Provinsiale Koerant Wes-Kaap Nr. 8259, bladsy 11, op 29 Junie 2020 gepubliseer. Die Raad het tydens ‘n Raadsvergadering gehou op 28 Mei 2020, die Eiendomsbelastingtariewe vir die 2020/2021 finansiële jaar goedgekeur en die tariewe is gepromulgeer soos vereis deur die Plaaslike Regerings Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, Artikel 14 (2), soos gewysig. Die Eiendomsbelasting kan wettig ingevorder word deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit.

2021/2022 Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit het ‘n advertensie in die Provinsiale Koerant Wes-Kaap Nr. 8453, bladsy 16, op 28 Junie 2021 gepubliseer. Die Raad het tydens ‘n Raadsvergadering gehou op 27 Mei 2021, die Eiendomsbelastingtariewe vir die 2021/2022 finansiële jaar goedgekeur en die tariewe is gepromulgeer soos vereis deur die Plaaslike Regerings Wet op

Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004, Artikel 14 (2), soos gewysig. Die Eiendomsbelasting kan wettig ingevorder word deur Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit.

Graag wil ons dan opsom dat volgens bogenoemde uiteensetting van eiendomsbelasting promulgasies Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit onwettig opgetree het, met die heffing van eiendomsbelastingtariewe vir die volgende finansiële jare en kan dus oorweeg word, om n dispuut te verklaar teen die Munisipaliteit.

**Geen promulgasies vir die Finansiële jare: 2005/2006; 2006/2007; 2007/2008; 2008/2009; 2010/2011; 2011/2012; 2012/2013 = 7 Jare**

Opgestel deur:

Johan en Marianne Visser, Gariep Dam

JM Koőperatiewe Dienste

13 Junie 2022